

Luistertoets

Graad 10 Huistaal

Deur: Camille Ferreira (Hoërskool Jim Fouché)

Evolusie van die internet-meem

Meme is oral. Dis kort, kragtig, eenvoudig, en dit word al hoe gewilder.

In vandag se uitgebreide sosialemediawêreld het dit aanvaarbaar geword om jou mening oor 'n sekere saak deur middel van 'n meem te lug.

Volgens 'n streng definisie is meme sosiale idees of kommentaar wat op die internet versprei word. Dit is gewoonlik snaaks en dra deur die komiese aspek daarvan 'n dieper siening van 'n spesifieke individu of groep of oor 'n aktuele kwessie oor.

Jongmense tussen die ouderdomme van 14 en 18 jaar is tot vandag tot die grootste groep meem-verspreiders op die internet, moontlik omdat die huidige generasie tieners in die doeltreffendheid van visuele stimuli glo.

Meem-webtuistes skep vir baie mense 'n volhoubare werk. App-foendi's het al talle apps geskryf en ontwikkel wat dit vir mense eenvoudig maak om hul eie meme te ontwerp.

Die idee is dat jy 'n prent of foto soek en dan 'n baie kort, skerp sin op die foto plaas. Dit is algemeen om duisende meme te sien wat dieselfde foto bevat, maar waarvan die teks verskil.

Meme word beskryf as die internetkultuur se ware uitlaatklep omdat dit op die man af is. Dis 'n wonderlike manier om presies te sê hoe jy voel! Sommige internet-meme draai nie doekies om oor sensitiewe onderwerpe soos tienerswangerskappe, politiek of geloof nie en bevat selfs soms kru taal.

Of jy daarvan hou of nie, meme is een van die gewildste maniere om aanlynkommentaar te lewer.

[Tekslengte 242 woorde]

[Verwerk uit *Die Burger*, 13 April 2015]

Vrae

1. Meme is deesdae oral te vinde. Wat word met hierdie stelling bedoel? (1)
2. Wat impliseer die woord "evolusie" in die titel en waaraan kan hierdie evolusie moontlik toegeskryf word? (2)
3. Noem twee funksies van die internet-meem soos in die teks beskryf. (2)
4. Watter rede gee die teks vir die feit dat jongmense tussen die ouderdom van 18 en 24 die grootste verspreiders van meme is? (1)

Luister en praat

5. Meem-webtuistes skep vir baie mense volhoubare werk. Gee 'n bewys uit die teks dat hierdie stelling waar is. (1)
6. Verduidelik hoe jy self 'n meem kan maak. (1)
- 7.1 Wat word daarmee bedoel dat internet-meme nie doekies omdraai nie?
7.2 Gee ook 'n voorbeeld om jou antwoord te staaf.
7.3 Formuleer nou 'n waarskuwende boodskap aan iemand wat self meme wil maak. (3)
8. Noem enige moontlike nadeel wat jy dink die verspreiding van meme vir jou kan inhou. (1)
9. Dink jy dat meme net so 'n doeltreffende kommunikasie-middel kan wees as tradisionele gespreksvoering? Verduidelik jou antwoord. (1)
10. Is die teks informatief of ooredend? Motiveer jou antwoord. (2)

TOTAAL: 15

NASIENRIGLYNE			
	Antwoord	Punt	DV
1.	Meme kan bykans op enige sosiale netwerk gevind/gesien word.	1	3
2.	“Evolusie” impliseer dat daar ontwikkeling plaasgevind het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat dit toenemend aanvaarbaar word om jou mening d.m.v. 'n meem te lug / dat soveel mense deesdae toegang tot die internet het/dat daar soveel verskillende sosiale netwerke is. (Soortgelyke antwoorde.)	1 1	3
3.	Meme lewer sosiale kommentaar. / Meme dra sekere idees oor. / Meme laat mense lag. (Enige twee.)	2	1
4.	Die huidige generasie is baie visueel ingestel.	1	2
5.	Baie App-foendi's het al apps ontwikkel wat mense in staat stel om hulle eie meme te maak.	1	2
6.	Kies 'n prentjie of 'n foto. Voeg 'n kort, skerp sin daarby.	1	1
7.	7.1 Dit beteken dat meme nie wegstrem van kontroversiële onderwerpe nie / 'n ding sê net soos wat dit is. (Iets soortgelyks.) 7.2 Baie meme handel bv. oor politiek of tienerswangerskappe. 7.3 Wees versigtig dat jy nie mense aanstoot gee met dit wat jy op jou meem sit nie. / Bly eerder weg van rassekwessies wanneer jy 'n meem maak. (Enige soortgelyke waarskuwende boodskap.)	1 1 1	3 2 5
8.	Jy kan in die moeilikheid beland met iets wat jy op 'n meem sit. (Enige nadeel soos deur die leerder weergegee.)	1	4

9.	Ek dink dit kan net so doeltreffend wees , want die boodskap word kort en kragtig weergegee; so enige iemand kan die boodskap kry. / Ja, meme se boodskappe is kort en kragtig, en lei dikwels tot goeie gesprekke in die kommentaarafdeling. (óf) Ek dink nie dit is so doeltreffend nie , want 'n meem brei nie uit op 'n standpunt nie en daarom kan die boodskap verkeerd verstaan word.	1	5
10.	Informatief, want die teks gee meer inligting oor wat meme is en waarvoor dit gebruik word.	2	3

DV 1 en 2	6	40%
DV 3	6	40%
DV 4 en 5	3	20%

Luistertoets

Graad 11 Huistaal

Deur: Chantelle Fry (Hoërskool Jim Fouche)

Eet en wees slim

Eet ontbyt soos 'n koning, middagete soos 'n kleinboer en aandete soos 'n armlastige, dan sal jy gesond bly, sê die dieetkundiges: Jy sal ook slimmer wees.

Met die slimmer wees, verwys hulle na leerders. Die navorsers beweer dat hulle vasgestel het dat as kinders 'n halfuur voor skooltoegaantyd 'n gebalanseerde ontbyt eet, hulle beter in toetse vaar kort daarna as kinders wat twee uur vroeër ontbyt geëet het.

Die inhoud van die ontbyt is belangrik. Kos wat bloedsuikervlakke verhoog, soos versoete graankos, verskerp moontlik 'n kind se breinkrag, sê navorsers. Verdere navorsing oor die verband tussen voedselinhoud, etenstyd en skoolprestasie is nou nodig.

In 'n ondersoek is 500 kinders aangesê om nie ontbyt te eet by die huis nie en het hulle by die skool versoete graanvlokies en melk gekry. Die res het by hul ou eetgewoontes gehou. Diegene wat by die skool geëet het, het in 'n geheuetoets aansienlik beter gevaar as dié wat nie ontbyt by die huis geëet het nie.

Amerikaanse navorsers beskou die uitslae nog nie as deurslaggewend nie. Al waarop dit eintlik dui, is dat iemand wat soggens iets eet, beter sal vaar as die ander wat nie eet nie. As kinders byvoorbeeld per bus ver skool toe moet ry, behoort hul ouers hulle 'n klein, voedsame pakkie kos saam te gee om te eet voordat die klasse begin, meen hulle.

Luister en praat

Ander mense wat drie keer per dag soos konings eet en dan knaend op soek is na daardie towerformule wat hulle sal help om skraal te bly het weer uit 'n ander oord gehoor dat dinge nie vir hulle so maklik is soos vir kinders en hul ontbyt kort voor 'n toets nie. Diegene wat daarin slaag om hulle gewig te verminder deur 'n gesonder dieet en oefening, moet net daarmee volhou. Dan bly die vet weg. Daar is geen ander formule nie.

Dis duidelik. Die ete vir die kleinboer en die armlastige, plus oefening, sal sorg dat jy sonder sukkel skraal bly.

[Tekslengte: 333 woorde]

[Verwerk uit *Die Burger*, 2 Oktober 2015]

Vrae

1. Soos wie behoort jy, volgens die eerste sin van die teks, aandete te eet? (1)
2. Wat impliseer die skrywer met die uitdrukking: "Eet ontbyt soos 'n koning, middagete soos 'n kleinboer en aandete soos 'n armlastige"? (3)
3. Wat is, volgens navorsing, die verband tussen 'n gebalanseerde ontbyt en skoolstudiese prestasies? (1)
4. Noem EEN voordeel wat versoete graankos volgens navorsers vir 'n mens inhou. (1)
5. Tussen watter drie faktore probeer navorsers 'n verband lê? (3)
6. Is die bevindinge rakende die belangrikheid van ontbyt 'n feit of slegs 'n mening? Motiveer jou antwoord met 'n relevante bewys uit die teks. (1)
7. Tot watter nadelige gevolg kan 'n koninklike ontbyt, gevolg deur 'n ewe koninklike middag- en aandete, lei? (1)
8. Volgens die skrywer is mense wat te veel eet knaend op soek na 'n "towerformule" om gewig te verloor. Waarom, dink jy, is die woord "towerformule" 'n goeie woordkeuse? (1)
9. Wat bedoel die skrywer in die leesstuk wanneer hy sê dat dinge nie vir grootmense so maklik gaan wees soos wat dit vir kinders is nie? (1)
10. Waarom, dink jy, versuim mense dikwels om ontbyt te eet? (1)
11. Het hierdie artikel jou standpunt rondom die eet van 'n gebalanseerde ontbyt enigsins beïnvloed? Verduidelik jou antwoord kortliks. (1)

TOTAAL: 15

NASIENRIGLYNE			
Vraag	Antwoord	Punt	DV
1.	'n Armlastige. ✓	1	1
2.	Eet 'n volledige ontbyt, minder kos in die middag en slegs 'n klein hoeveelheid kos saans. ✓✓✓	3	3
3.	'n Gebalanseerde ontbyt verbeter skoolstudiese prestasie. ✓	1	2

4.	Die suiker daarin verhoog 'n mens se bloedsuikervlak en dus 'n kind se breinkrag. ✓	1	1
5.	die verband tussen voedselinhoud ✓ etenstyd ✓ skoolprestasie ✓	3	1
6.	Dit is 'n feit wat deur navorsing bewys is / Dit is 'n mening wat navorsers sê die resultate is "... nie deurslaggewend nie ..." ✓	1	3
7.	Dit kan tot 'n toename in gewig lei. ✓	1	1
8.	Die woord "towerformule" versterk die gedagte dat daar nie kitsoplossings vir gewigsverlies is nie. ✓	1	4
9.	Ouers gaan waarskynlik moeiliker of glad nie gewig verloor nie al eet hulle, soos kinders, 'n gebalanseerde ontbyt. ✓	1	3
10.	Oop antwoord waarin leerders redes verskaf waarom mense nie ontbyt nuttig nie. ✓	1	4
11.	Oop antwoord waarin leerders verduidelik waarom hierdie artikel hulle standpunte rondom die eet van 'n gebalanseerde ontbyt beïnvloed het al dan nie. ✓	1	5
Totaal: 15			

Kognitiewe vlakke en moeilikheidsgraad:

Vlak 1 en 2 = 7 punte

Vlak 3 = 5 punte

Vlak 4 en 5 = 3 punte

